Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 * Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: (011)769-1670*
Faks: (011)762-3493 * www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za

22 Julie 2020

Omsendbrief 12 van 2020 - Assessering

Geagte ouers,

Baie dankie vir almal se positiewe boodskappe te midde van die krisis wat ons verlede week beleef het, #onsskool het werklik uitstekende en ondersteunende ouers en ons waardeer dit opreg.

Ons eerste assesserings week vir Graad 1 tot 7, soos te kenne gegee in Omsendbrief 11, begin op Dinsdag 4 Augustus 2020.

Graad 1- 3 se personeel sal hul program aan die ouers stuur. By Graad 4 - 6 sal die leerders slegs Afrikaans, Engels en Wiskunde skryf. Vir Graad 7 sal die leerders geassesseer word in Afrikaans, Engels, Wiskunde en Natuurwetenskap. Die afbakening sal aan elke kind gegee word en ook op ons verskillende kommunikasie platforms gevoeg word.

Die skool sal in daardie tyd vir al ons Grade om 12:00 verdaag. Daar gaan ‘n klein aanpassing wees op die rooster om al ons leerders te kan akkommodeer om toets te skryf. Maandag 3 Augustus sal die laaste dag wees waarop ons van die Rooi en Blou rooster vir graad 4 - 7 gebruik sal maak. Op 3 Augustus sal die BLOU groep by die skool wees. Ons sal weer op 17 Augustus die rooster hervat met weereens die BLOU groep.

Die rooster is as volg:

NB: MAANDAG 3 AUGUSTUS 2020, BLOU GROEP, SKOOL VERDAAG 13:30

DINSDAG	4 AUGUSTUS	GR. 6 EN 7	AFRIKAANS	VERDAAG 12:OO
WOENSDAG	5 AUGUSTUS	GR. 4 EN 5	AFRIKAANS	VERDAAG 12:00
DONDERDAG	6 AUGUSTUS	GR. 6 EN 7	WISKUNDE	VERDAAG 12:00
VRYDAG	7 AUGUSTUS	GR. 4 EN 5	WISKUNDE	VERDAAG 10:00
WOENSDAG	12 AUGUSTUS	GR. 6 EN 7	ENGELS	VERDAAG 12:00
DONDERDAG	13 AUGUSTUS	GR. 4 EN 5	ENGELS	VERDAAG 12:00
VRYDAG	14 AUGUSTUS	GR. 7	NW	VERDAAG 12:00

Ons leerders wat tuis is as gevolg van komorbiditeite en spesiale reëlings met my persoonlik getref het, moet ook die assessering voltooi en word nie hiervan verskoon nie. Daar sal met elkeen van hulle gekommunikeer word oor hoe hulle die assessering sal voltooi.

Op 14 Augustus skryf die Graad 6 leerders geen amptelike assessering nie maar sal ‘n normale skooldag hê tot 12 uur.

Grade kom slegs skool toe op die dae wat hulle skryf en daar sal ‘n normale skooldag wees voor hulle die assessering voltooi. Dus gaan ons in daardie tyd nie van ons Rooi en Blou rooster by Graad 4-7 gebruik maak nie.

Omdat die assessering by Graad 1 - 3 op ‘n ander wyse gedoen word gaan hulle steeds van die Rooi en Blou rooster gebruik maak. Die Graad 1 -3 se personeel sal met u in kontak wees hieroor.

Die reeks vorm deel van ons amptelike assessering en dus kan leerders nie hiervoor afwesig wees nie.

BAIE STERKTE met elkeen se voorbereiding!

Marius Swanepoel

Hoof